Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**'N PRENTJIE = 1 000 WOORDE**

1 Hoe sit jy die emosie terug in teksboodskappe? Laat emoji die praatwerk doen.

2 Die see van emoji wat op net mooi alle platforms voorkom, is die perfekte leestekens om jou vreugde, hartseer en skaterlag in 'n teksboodskap uit te druk. Die gesiggie met die spiraaloë is pas goedgekeur deur die *Unicode* Consortium, die organisasie sonder winsoogmerk wat nuwe emoji goedkeur en standaardiseer. Dit kan enige iets van o jitte, sjoe, hete, jislaaik, maggies, ek kan dit nie glo nie, uitbeeld.

3 Emoji. Jy kan 'n koerantartikel daarin skryf (soos iemand in die *Wall Street Journal* gedoen het). Of klassieke werke soos *Peter Pan* en *Alice in Wonderland* daarin vertaal (soos ook reeds gedoen is). Die Egiptenare sal hulle dalk slap lag vir die eenvoud van die karikatuuragtige tekeninge. Maar dis baie vinniger as hul hiërogliewe, wat dikwels tydrowend in rots uitgekerf moes word.

4 Die klein prentjies verklap meer as wat jy dalk besef. Dit kan maatskappye en digitale platforms help om 'n beter idee te kry van hoe jy voel – veral oor handelsmerke – en selfs gebruik word om jou deur spesifieke advertensies te teiken. Deur die gebruik van emoji op 'n aanlyn platform oorhandig jy as't ware netjies verpakte, sappige inligting oor jou emosies en belangstellings aan maatskappye. Terwyl 'n rekenaar dit moeilik kan vind om die toon van 'n teksboodskap te verstaan, kan emoji 'n algoritme 'n lekker wenk gee. Só invloedryk is dit, maatskappye ding mee om hul produkte op emoji-sleutelborde te laat verskyn. Ford het in 2019 'n stille veldtog gevoer om die <u>Unicorn Consortium</u> te oorreed om 'n bakkie-emoji goed te keur. Dis reeds op ons toestelle, hoewel sonder die Ford-handelsmerk. Taco Bell, die kitskosrestaurant, het sy gewig agter 'n petisie vir 'n taco-emoji gegooi, wat suksesvol was, maar Durex se veldtog vir 'n kondoom-emoji was nie suksesvol nie.

5 Emoji help ons om tussen die lyne te lees en verryk dus kommunikasie veral die dinge wat nie altyd maklik in teks oorgedra word nie. Sowat 72% van jong volwassenes druk emosie makliker met behulp van emoji eerder as net in woorde uit, volgens Vyvyan Evans, Britse linguis* en skrywer van *The Emoji Code.* "Wat ons sê, is dikwels nie wat ons bedoel nie, dus letterlik met ons woorde oordra nie." Dit is die vinnigste groeiende 'taal' in die geskiedenis en word deur 92% van die aanlyn-bevolking gebruik. Die webtuiste Emojipedia word 'n allemintige 33 miljoen keer per maand besoek. Dit bevat onder meer 'n argief wat die visuele evolusie van elke karakter volg. Oxford Dictionaries het in 2015 die gesig met vreugdetrane as "woord van die jaar" aangewys.

6 Die woord 'emoji' is van Japannees afgelei en beteken rofweg "prentjie" en "karakter". Die ooreenkoms met die woord "emosie" is toevallig. Nou leef ons egter in ŉ multikulturele samelewing en die interpretasie van ŉ emoji kan van mens tot mens en kultuur tot kultuur verskil. Een emoji kan letterlik ŉ duisend woorde beteken. Dit kan jou in ŉ groot verleentheid plaas, selfs die polisie op jou spoor sit. Na gelang van jou eie subjektiewe opvatting kan sommige emoji geïnterpreteer word as rassisities, beledigend, kultureel onsensitief en homofobies. Só is 'duim op' ŉ teken van goedkeuring in Westerse kulture, maar obseen in Griekeland en die Midde-Ooste. Boonop is emoji nie heeltemal universeel nie.

7 Sal jy dit so vinnig by ŉ teksboodskap voeg as jy weet dit kan as ŉ dreigement beskou word? Of ŉ kontrak bindend maak wat jy nooit eens formeel onderteken het nie? Glo dit of nie, daar is ŉ groeiende aantal regsake wêreldwyd – Brittanje, Nieu-Seeland en Frankryk ingesluit – waar howe emoji as getuienis moes interpreteer. Die emoji waaroor die meeste hofsake gemaak word, is die gewone ou "smiley", gevolg deur die "knipogende" en "hartseer" gesiggie. Die redes wissel van kindertoesig en teistering by die werk tot moord. Dis nog betreklik nuut in die Suid-Afrikaanse-reg, maar daar is baie internasionale presedente** wat vir ons howe die pad vorentoe belig.

8 Ons gebruik emoji volgens ons persoonlikheid, volgens Britse navorsing. As jy meer tegemoetkomend is, is jy geneig om sosiale en emosionele seine in die regte lewe te gebruik om met ander te kommunikeer. Navorsers spekuleer*** as jy jouself as tegemoetkomend sien, jy moeite gaan doen om daardie deel van jou persoonlikheid oor te dra. Gee jy daarteenoor nie eintlik om wat mense van jou dink nie, is jy dalk gemakliker om al jou emosies te wys, insluitend hartseer en dus ook die hartseer emoji. Emoji word voorts as ontoepaslik in ŉ meer professionele omgewing beskou. Dit verklaar waarskynlik waarom respondente sê hulle gebruik dit minder in e-posse as ander teksboodskappe en op sosiale media, volgens die navorsers.

9 Sonder enige bemarking, aktivisme en wetgewing, sonder trompetgeskal, het hierdie nuwe 'taal' stilletjies ons alledaagse lewe ingesluip. Omhels dit maar as jy in die toekoms doeltreffend aanlyn wil kommunikeer en ŉ emosionele respons wil ontlok. Mense wat emoji in aanlyn-boodskappe gebruik, is meer suksesvol om ŉ huweliksmaat te vind, volgens peilings op afspraakwebtuistes soos match.com.

[Verwerk uit *SARIE.com*, Januarie/Februarie 2021]

***linguis:** taalwetenskaplike
****presedente:** vroeëre beslissings waarop ŉ mens jou kan beroep: voorbeeld: *Ons mag nie so ŉ gevaarlike presedent skep nie.*
*****spekuleer:** bespiegel, bepeins, nadink oor

## TEKS B: VISUELE TEKS





RAAMPIE 1

Westerse wêreld:
bid, pleit, begeerte
Japan:
asseblief, dankie






RAAMPIE 3

Dit beteken nie altyd wat jy dink dit beteken nie



RAAMPIE 2

Ruimte, maan, die magiese
Of duiseligheid?

[Verwerk uit af.eyewated.com]

## VRAE: TEKS A

1.1 Hoe weet ons dat die gebruik van emoji op digitale platforms nie ongewoon is nie? Haal ŉ woordgroep uit paragraaf 2 aan. (1)

1.2 Emoji word nie lukraak ontwerp en geplaas nie. Kan hierdie stelling as ŉ feit of ŉ mening beskou word? Motiveer jou keuse. Sê ook waarom ons kan aanvaar dat dit nie net ŉ geldmaak foefie is nie. (2)

1.3 Noem TWEE redes waarom die gebruik van emoji nie net beperk is tot teksboodskappe nie. (2)

1.4 Waarin lê die verskil tussen emoji en die Egiptenare se hiërogliewe? (2)

1.5 Gee EEN bewys uit paragraaf 4 dat maatskappye suksesvol kompeteer om hul produkte te bemark. (1)

1.6 Emoji verbeter ons kommunikasievaardighede. Verduidelik kortliks hoe. (1)

1.7 Herlees paragraaf 5.

Verskaf DRIE redes waarom jy dink dat emoji gekom het om te bly. (3)

1.8 Waarom word daar gesê dat die interpretasie van emoji uniek is? Verskaf ook ŉ bewys hiervan. (2)

1.9 Emoji's kan nie as volledig universeel beskou word nie vanweë ons subjektiwiteit. Motiveer waarom hierdie stelling as korrek beskou kan word. (4)

1.10 Noem DRIE redes waarom emoji's in teksboodskappe nie onnadenkend gebruik moet word nie. (3)

1.11 Herlees paragraaf 8.

Benoem die verskille tussen sogenaamde verdraagsame mense teenoor mense wat minder bekommerd is oor wat ander van hul dink. (2)

1.12 Herlees paragraaf 9.

Waaraan kan die onafhanklikheid en invloedrykheid van emoji-taal toegeskryf word? (3)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Watter visuele bewys in die teks dui daarop dat die gebruik van emoji baie gewild is? (1)

1.14 Dink jy die woorde, "Vroumense is kompleks" is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A en TEKS B**

1.15 Verwys na die verband tussen die onderstreepte sin van paragraaf 6 en die eerste sin van paragraaf 8 in TEKS A en die inhoud van TEKS B. Verwys afsonderlik in jou antwoord na die verband tussen paragraaf 6 en paragraaf 8 se sinne met TEKS B. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **SEWE ingesteldhede wat tot suksesvolle entrepreneurskap bydra.**

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in duidelike, volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**WORD ŉ SUKSESVOLLE ENTREPRENEUR**

Entrepreneurskap is nie net vir mense wat hul eie ondernemings het nie. Groot maatskappye waardeer mense wat nuut kan dink, want hulle word leiers en innoveerders. Leer só om oopkop en gereed te wees vir die uitdagings van entrepreneurskap.

Entrepreneurskap berus op ŉ raamwerk van gedrag en nie op kennis nie. Verander dus jou gedrag, want dan verander jou uitkyk op die lewe ook. Jy moet weet hoe om jou kennis toe te pas.

Sien geleenthede raak. Kyk anders na probleme en sien die geleenthede raak. In moeilike omstandighede is daar juis baie geleenthede. Dit help jou ook om nie moedeloos te raak nie.

Soveel keer kla jong entrepreneurs dat hul ouers vra wanneer hulle nou "ŉ regte werk" gaan kry. Besef dat entrepreneurskap ŉ volwaardige loopbaan is. Entrepreneurskap is dit waarom die ekonomie draai.

Dit verg deursettingsvermoë om keer op keer op te staan en weer te probeer. Leer jou kind hierdie veerkragtigheid van jongs af aan. ŉ Mens leer die beste uit jou foute. Dis nie die einde van die wêreld nie.

Dit is belangrik dat kinders van jongs af take in en om die huis doen. Dit doen wondere vir ŉ kind om te weet dat hy of sy dinge self kan doen. Laat kinders toe om huistake te doen, want dit bou hul selfvertroue en verantwoordelikheid.

Kinders benader soms ŉ probleem uit ŉ heel ander hoek as volwassenes omdat hulle nie die gewone beperkings sien nie. Moenie hulle kreatiwiteit deur jou denke beperk nie. Gee hulle die ruimte en ŉ risikovrye omgewing om oplossings te vind.

Wees op die uitkyk na geleenthede om werkservaring te kry. Bied aan om gratis te werk om te sien hoe ŉ maatskappy funksioneer. Dis waardevolle ervaring wat jy as deel van jou studie kan sien. Hierdie werkservaring kan jy op jou CV sit.

[Verwerk uit *Rapport,* 12 Julie 2020]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Tuis,* April 2021]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Watter boodskap wil die adverteerder met reël 2 oordra? (1)

3.2 Verduidelik watter funksie die emoji (afwaartse duim) in reël 2 verrig. (1)

3.3 Is die boonste foto in die advertensie gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Waarom word daar van hoofletters in reël 4 gebruik gemaak en verduidelik die verband met *Tropika*. (2)

3.5 Watter oorredingstegnieke gebruik die adverteerder in reël 4 en 5 om aan te dui dat 'n slegte situasie wel na positief verander kan word? (2)

3.6 Watter tipe diskriminasie kan hier in hierdie advertensie voorkom? (1)

3.7 Verskaf die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord in reël 5. (1)


3.8 Skryf VIER opeenvolgende woorde uit reëls 4–6 neer wat as oorredingstaal gebruik word. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E




[Verwerk uit https://gocomics.azcentral.com]

### VRAE: TEKS E

4.1 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die onderstreepte woorde in RAAMPIE 1? (1)

4.2 Watter visuele bewys is daar in RAAMPIE 1 wat daarop dui dat hulle die aand geniet het? (1)

4.3 Ondersteun die visuele voorstelling in RAAMPIE 3, die pa en ma se woorde? Motiveer jou antwoord. (2)

4.4 Herskryf die onderstreepte woord in RAAMPIE 4 sodat dit beklemtoon word. (1)

4.5 Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit RAAMPIE 6 wat dui op ŉ eie opvatting/mening. (1)

4.6 Hoe weet ons dat Zits se ma in RAAMPIE 6 haar woorde gebruik om die verhouding tussen taal en mag uit te beeld? (1)

4.7 Waarom het die onderstreepte woord in RAAMPIE 6 ŉ koppelteken? (1)

4.8 Watter afleiding kan van Zits se pa gemaak word? (1)

4.9 Kan Zits se woorde in RAAMPIE 7 as ironies beskou word? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### JA, LAG MAAR

1 Humor is sedert die begin van die geskiedenis ŉ sielkundige salf in die donkerste tye.

2 Iets voel oorweldigend, maar sodra jy ŉ grappie daaroor maak raak dit minder vreesaanjaend. Jy neem só die angel uit ŉ nuwe, onbekende bedreiging, volgens komediant en akteur, Schalk Bezuidenhout. Humor maak dit makliker om aan te pas by (5.3) veranderinge.

3 Suid-Afrikaners het nog altyd ŉ fantastiese sin vir humor gehad, veral in die donkerste tye. Natuurlik is dit nie uniek aan ons nasie nie. Dis een van ons land se (5.5) beste hanteringsmeganismes en iets wat ons nog altyd deur al die moeilike jare gehelp het.

4 Humor help ook om ŉ gemeenskap te bou. Grappies oor die coronavirus is ŉ manier waarop mense sê: "Ons is almal saam in hierdie ding". (5.6) Dis ook ŉ manier van draaksteek met outoriteit en die ondermyning van politici of groot maatskappye se mag.

5 Humor kweek empatie. As ons vir (5.8) onsself kan lag, beteken dit ons kan ook kwesbaar voor mekaar wees, wat ons uiteindelik meer menslik maak. Humor is soos kos, almal se smaak verskil. As jy ŉ traumatiese ervaring gehad het, is jy minder geneig om vir donker humor te grinnik wat jou daaraan herinner.

6 Grappies en satire kan ook (5.9) misleidende inligting versprei. Mense weet nie altyd wat om as die waarheid te aanvaar en waaroor om net te lag nie.

7 Ter afsluiting kan ons sê dat lag ŉ vorm van genesing is. As jy nie in dié dae kan lag nie, kry ek jou jammer, want het ons nie almal nou iets warm nodig om aan vas te hou nie? Ons durf immers aan niks anders raak nie!

[Verwerk uit *rooi rose*, Januarie 2020]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Identifiseer die eerste diftong in paragraaf 1. Skryf die woord waarin die diftong voorkom, neer en onderstreep die diftong. (1)

5.2 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 2 en voeg die ontbrekende leesteken by. Onderstreep die leesteken wat jy ingevoeg het. (1)

5.3 Verskaf die verkleinwoord van die onderstreepte woord. (1)

5.4 Skryf die onderstreepte gedeelte van die eerste sin van paragraaf 3 in die ontkennende wyse. (1)

5.5 Verskaf die stellende trap van die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)

5.6 Verduidelik die betekenis van die onderstreepte idioom in die derde sin van paragraaf 4. (1)

5.7 Skryf die eerste sin van paragraaf 5 in die lydende vorm. (1)

5.8 5.8.1 Benoem die onderstreepte woordsoort in paragraaf 5. (1)

5.8.2 Gee 'n duidelik verklarende sin waarin onsself as twee woorde gebruik word. (1)

5.9 Wat is die funksie van die agtervoegsel van die onderstreepte woord in paragraaf 6? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# NASIENRIGLYN
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spel in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

**VRAAG 1 (Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 1.1 | "see van emoji" | 1 |
| | | |
| 1.2 | Feit *(kandidate kry nie ŉ punt vir feit/mening nie)*<br>Unicode Consortium moet emoji goedkeur en standaardiseer √<br>Unicode Consortium is ŉ organisasie sonder winsbejag/winsoormerk wat alle nuwe emoji goedkeur en standaardiseer. √ | 1<br><br>1 |
| | | |
| 1.3 | Die *Wall Street Journal* het reeds ŉ koerantartikel daarin geskryf. √<br>Klassieke werke soos *Peter Pan* en *Alice in Wonderland* is reeds daarin vertaal. √ | 2 |
| | | |
| 1.4 | Hiërogliewe is nie so eenvoudig of karikatuuragtig soos emoji nie. √<br>Hiërogliewe was ook meer tydrowend as emoji. √ | 2 |
| | | |
| 1.5 | Ford het ŉ veldtog geloods om ŉ bakkie-emoji goed te keur./<br>Taco emoji is reeds suksesvol op ons toestelle. √<br><br>*Kandidaat kan ŉ soortgelyke antwoord bied.* | 1 |
| | | |
| 1.6 | Dit help ons om tussen die lyne te lees en so word ons kommunikasie verryk. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Dis die vinnigste groeiende taal in die geskiedenis /<br>Dit word reeds deur 92% van aanlyn-gebruikers gebruik /<br>Emojipedia word 33 miljoen keer per maand besoek /<br>Oxford Dictionaries het in 2015 die gesig met vreugdetrane as "woord van die jaar" aangewys. √<br><br>*Kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde aan.* | 3 |
| | | |
| 1.8 | Ons lewe in 'n multi-kulturele samelewing en die interpretasie kan van mens tot mens / kultuur tot kultuur verskil. √<br><br>"Duim op" beteken in Westerse kulture goedkeuring, maar is obseen in Griekeland en die Midde-Ooste /<br>Emoji is nie universeel nie. √ | 2 |
| | | |
| 1.9 | Emoji kan:<br>Rassisties √<br>Beledigend √<br>Kultureel onsensitief √<br>Homofobies √<br>wees. | 4 |
| | | |
| 1.10 | Dit kan as dreigement beskou word /<br>Dit kan 'n kontrak wat jy nie formeel onderteken het nie, bindend maak /<br>Dit kan interpreteer word as getuienis /<br>Dit kan lei tot hofsake √<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE gevare as antwoord aan.* | 3 |
| | | |
| 1.11 | As jy meer verdraagsaam (tegemoetkomend) is, is jy geneig om sosiale en emosionele seine in die regte lewe te gebruik. √<br>As jy nie omgee wat mense van jou dink nie, is jy gemakliker om al jou emosies te wys, ongeag wat ander van jou dink of sê. √<br><br>*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| | | |
| 1.12 | Emoji het sonder bemarking, √<br>aktivisme, √<br>of wetgewing √<br>ons lewens ingesluip. | 3 |
| | | |
| 1.13 | Die foto van die man wat opgewonde is terwyl hy sy selfoon gebruik met die prentjies van die emoji wat daarby draai /<br>Die man wat by die meisie staan met die knipoog-emoji in sy hand. √ | 1 |
| | | |
| 1.14 | Nee.<br>Dit kan as stereotiperend / seksisties ervaar word. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan waarin daar na die negatiewe en onvanpaste / neerhalende wyse / boodskap (konnotasie) van so 'n uitlating verwys word.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.15 | In paragraaf 6 word verduidelik dat jou subjektiewe opvatting jou interpretasie van emoji bepaal, terwyl TEKS B, RAAMPIE 4 aandui hoe die Westerse wêreld se interpretasie van die biddende hande verskil van die Japannese se interpretasie. √<br>RAAMPIE 5 toon ook hoe dieselfde emoji verskillende betekenisse kan hê terwyl RAAMPIE 2 aantoon hoe die man die knipoog emoji vashou en dan dink dat vroue so kompleks is /<br>Paragraaf 8 sê dat ons emoji gebruik volgens ons persoonlikheid en TEKS B, RAAMPIE 2 bevestig dit duidelik asook RAAMPIE 3 se woorde dat emoji nie altyd beteken dit wat jy dink dit beteken nie. √ | 2 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **31** |

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ŉ opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne,** in enige volgorde skryf.
- Slegs ingesteldhede wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken vir HT:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

❖ Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste ingesteldhede bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**Antwoord: Die volgende ingesteldhede MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.**

**Deur jou gedrag te verander, sal jou uitkyk op die lewe ook verander wat sal toelaat dat jy jou kennis op ’n nuwe manier kan toepas. Jy moet nuwe geleenthede raaksien. Mense moet besef dat entrepreneurskap ’n volwaardige loopbaan is. Jou kind moet veerkragtigheid van jongs af aanleer. Kinders moet huistake doen, want dit bou hul selfvertroue en verantwoordelikheid. Jy moet ruimte skep vir probleemoplossing. Gaan werk gratis vir ’n maatskappy om waardevolle ervaring te kry.** **(76)**

| **Aanhalings uit die teks:** | **Eie woorde:** |
|---|---|
| • **Verander jou gedrag, want dan verander jou uitkyk op die lewe.** | Verander jou gedrag, dan verander jou lewensuitkyk ook |
| • **Sien geleenthede raak.** | Jy moet leer om geleenthede raak te sien |
| • **... entrepreneurskap ’n volwaardige loopbaan is ...** | Entrepreneurskap is ’n volwaardige loopbaan |
| • **Leer jou kind hierdie veerkragtigheid van jongs af.** | ... leer veerkragtigheid van jongs af ... |
| • **Huistake ... bou hul selfvertroue en verantwoordelikheid van jongs af** | Huistake bou kinders se selfvertroue en verantwoordelikheid van jongs af |
| • **risikovrye omgewing om oplossings te vind** | Skep vir jou kinders ruimte vir probleemoplossing |
| • **... geleentheid om werkservaring ... gratis te werk ...** | Werk gratis om werkservaring te kry |

**(76 woorde)**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C:**

**VRAAG 3**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is. Indien die spelling van die bepaalde woord korrek moet wees, word die spelling verkeerd gemerk al word die antwoord in ’n sin aangebied.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 3**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Beurtkrag is nie goed / aangenaam / pret / snaaks nie. √ | 1 |
| | | |
| 3.2 | Dit dra ’n gevoel van afkeur oor . | 1 |
| | | |
| 3.3 | Ja.<br>Die seun se geskokte gesigsuitdrukking sluit aan by die skok/afkeur /ontevredenheid oor beurtkrag (wat hul haarsny onderbreek).<br>**OF**<br>Nee.<br>Die advertensie/foto laat nie reg geskied aan die koeldrank nie.<br>*Kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord aan vir EEN punt.* | 1 |
| | | |
| 3.4 | Dit beklemtoon die gesindheidsverandering oor teleurstellings op jou pad. √<br>Niks is koeler as Tropika nie. √ | 1<br>1 |
| | | |
| 3.5 | Die woord “koel” /<br>Die drie jongmanne op die foto loop met selfvertroue langs mekaar /<br>Die drie jongmanne met hul sonbrille lyk asof hulle self ook dink hulle is koel. √√<br>*Kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde aan vir TWEE punte.* | 2 |
| | | |
| 3.6 | Net jongmanne kan “koel” wees (met ’n halwe haarsny na beurtkrag). √ | 1 |
| | | |
| 3.7 | Komkommerkoel | 1 |
| | | |
| 3.8 | Niks is koeler nie | 1 |
| | | **[10]** |

| **VRAAG 4** | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 4.1 | Die orkes was baie goed! | 1 |
| | | |
| 4.2 | Zits se glimlag en wakker oë /<br>Die meisie se hande wat opgewonde saampraat. √ | 1 |
| | | |
| 4.3 | Ja.<br>Die man lyk steeds moeg/ deur die blare/ aan die slaap/ ongeskeer en met sy japon aan na ŉ lang nagrus (soos hy self erken).√<br>Die vrou se hare staan wild, sy het ook nog ŉ japon aan. √ | 2 |
| | | |
| 4.4 | BESTE /<br>Béste | 1 |
| | | |
| 4.5 | Ek dink | 1 |
| | | |
| 4.6 | Zits se ma praat alleen /<br>Zits se ma besluit wat ŉ gesellige aandjie behels /<br>Zits se ma besluit dat hulle aan haar legkaart sal bou.√ | 1 |
| | | |
| 4.7 | Samestellings met ŉ opeenhoping van klinkers vereis ŉ koppelteken. | 1 |
| | | |
| 4.8 | Zits se pa praat nie baie nie /<br>Zits se pa doen net mee /<br>Zits se pa het nie ŉ eie wil nie / | 1 |
| | | |
| 4.9 | Ja, hy sê dat dit vir hom net ŉ plesier is om saam met hulle te kuier, maar dit is glad nie vir hom ŉ plesier om saam met sy ouers tyd deur te bring nie, hy is dan vasgebind aan ŉ stoel / dus doen hy dit nie vrywillig nie. | 1 |
| | | **[10]** |

| **VRAAG 4** | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **Vraag** | **Antwoord** | | **Punt** |
| 5.1 | tye | | 1 |
| | | | |
| 5.2 | ...maak, raak | | 1 |
| | | | |
| 5.3 | Veranderinkie**s** | | 1 |
| | | | |
| 5.4 | Suid-Afrika het nog nooit ʼn fantastiese sin vir humor gehad nie. | | 1 |
| | | | |
| 5.5 | Goed | | 1 |
| | | | |
| 5.6 | Dit beteken ʼn manier van spot met outoriteit en die ondermyning van politici of groot maatskappye se mag. | | 1 |
| | | | |
| 5.7 | Empatie word deur humor gekweek. | | 1 |
| | | | |
| 5.8 | 5.8.1 | Wederkerende voornaamwoord | 1 |
| | | | |
| | 5.8.2 | Ons moes self die boeke gaan haal het. | 1 |
| | | | |
| 5.9 | Verbuig die byvoeglike naamwoord / b.nw. | | 1 |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou